LAERSKOOL TYGERPOORT
Tel: 012 809 0029 fkruger@tygies.co.za

KRIEKET-AKADEMIE

28 November 2025

Beste Ouer

**INSAKE: KRIEKET-AKADEMIE (GRAAD 1-7)**

Die derde jaar van Tygerpoort se krieket-akademie was weereens 'n groot sukses. Ons spelers het duidelik voordeel getrek uit die program, wat gesien kan word in die merkbare verbetering van al ons spanne. Met die hulp van die akademie kon ons hierdie jaar kompeterend in die A1-liga deelneem. Al was die wedstryde soms taai, het dit vir ons 'n goeie grondslag gelê waarop ons verder kan bou. Die doel van die akademie is om spelers se individuele vaardighede te verbeter en sodoende nie net die skool nie, maar ook elke speler se krieket tot sy volle potensiaal te laat groei.

Die akademie bestaan uit gestruktureerde individuele lesse wat regdeur die jaar gaan plaasvind.

1. **Individuele lesse: Graad 1-7** (graad 1 & 2's word aanbeveel om net 'n halfuur-sessie te neem)
   - Aandag word gegee aan tegniese vaardighede:
     - Kolftegniek
     - Boultegniek
     - Veldwerkverwante tegnieke
   - Strategiese oefensessies:
     - Wedstrydsimulasie
   - Krieketverwante kondisionering en fiksheid

2. **Koste:**
   - Individuele lesse
     - 30 minute lesse (graad 1-7) - **R1700** per kwartaal (Januarie tot November)
     - 45 minute lesse (graad 3-7) - **R2300** per kwartaal (Januarie tot November)
   - Individuele lesse begin reeds **19 Januarie 2026.**

3. **Skedulering van lesse:**
   - Wanneer ons u kind se inskrywing ontvang, sal ons 'n beskikbare afrigter en tyd aan u kommunikeer.
   - Sodra u 'n gepaste dag en tyd ontvang het, sal dit die tyd wees wat u kind gaan oefen.

4. **Neem kennis:**
   - Indien u kind deel word van die Krieket-akademie, gaan daar verwag word dat hy **ten minste** 10 keer per kwartaal 'n les moet bywoon.
   - Indien u kind **NIE** die les die dag **kan bywoon nie**, is dit u verantwoordelikheid om **voor 08:00 die oggend**, op die dag wat die les sou plaasvind, die afrigter in kennis te stel. Die les sal dan later ingehaal word.
   - Indien u die betrokke afrigter **NIE voor die tyd in kennis stel nie**, sal die les as 'voltooid' beskou word en u sal vir die les moet betaal asof die les plaasgevind het.

5. **Inskrywingsvorm:**

- Voltooi asb. die Google-vorm (inskrywing), indien u kind wil deel word van die krieket-akademie. Skakel: Krieket-akademie
- Indien u kind reeds deel van die akademie in 2025 was, moet u steeds u kind her-registreer.

6. **Kennisgewing van kansellasie:**

Slegs 'n **skriftelike kennisgewing** van kansellasie, '**n maand voor die aanvang van 'n volgende kwartaal, sal aanvaar word.**
Stuur e-pos na fkruger@tygies.co.za en skoolgeld@tygies.co.za.

7. **Betaalwyse:**

- Verskyn as 'n heffing op u rekeningstaat
- Debietorder (merk opsie in Google-vorm) **of**
- d6 app **of**
- EFT-betaling
  - **Bankbesonderhede:**
    - Laerskool Tygerpoort
    - FNB Tjekrek. 625 404 377 63
    - Takkode 252045
  - Verwysing – **Rekeningverwysing** + **naam** (leerder) + **TKA**
- Groeplesse is **vooruitbetaalbaar** vir die **kwartaal**.

Vir enige navrae, stuur 'n e-pos aan fkruger@tygies.co.za.

Ons sien uit om u kind by die Krieket-akademie te verwelkom!

Krieket-groete

Mnr. Francois Kruger
Krieket-organiseerder

Mnr. Phillip Grobler
Adjunkhoof: Buite-kurrikulêr